AFRIKAANS HUISTAAL

Graad 12

Junie

Vraestel 2

MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

NASIENRIGLYNE

- As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae beantwoord het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As ’n kandidaat in Afdeling A al vier vrae oor die voorgeskrewe gedigte gedoen het,word die eerste twee gedigte nagesien.
- As ’n kandidaat in Afdeling B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoenhet, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geignoreer**.
- As ’n kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk.
- As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- **Opstelvraag**: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het.
- As die opstel te lank is, laat ’n oorskreiding van ’n maksimum van 50 woorde toe en **ignoreer die res van die opstel**.
- Leerders mag nie subopskrifte in hul opstelle gebruik nie. As dit voorkom, word dit met ‘n kategorie gepenaliseer.
- **Kontekstuele vrae**: As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word hy/sy **nie gepenaliseer nie**.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

'n vigslyer sterf - Vincent Oliphant

Leerders verskaf inleidingsparagraaf, bv.

Klank bind die gedig en bring betekenis na vore.

Strofe 1

- A-klank: r. 1: " takelwerk – afgetakel"
- Lyf word afgetakel soos die takelwerk van 'n skip
- O-klank: r. 2 "hom inplof", r. 3 "stort & word", "bros", r.5 en "stokke", r6.
- Stadig doodgaan/inplof ironies anders as 'n gebou
- Woorde wat rym, selfs al staan hulle nie in die rymposisie aan die einde van die versreël nie:
  - Inplof, r 3 rym met "stof", r. 4
  - Huil, r. 5 rym met seil, r. 6
- Herhalende vokale:
  - "vlees", r. 3 rym met "steeds," r. 4
- Konsonante word ook herhaal:
  - steeds, stof = alliterasie

Strofe 2

- - bros, r5 en brose, r6
- Die herhaling van die i/u-klank sodat die twee woorde "gewig"en "lug" rym.

Strofe 3

- Die herhaling en rym van die woorde "seer" (versreël 11) en "reeds verleer" (versreël 12)
- S-klank

Die slotstrofe

- Herhaling van die aa-klank wat die woorde klankmatig verbind:
  - Versreël 13: "staar", "raad", "skade", "genader"
  - Paarrym: "gaan" x "verstaan"

Leerders verskaf 'n slotparagraaf, bv.

Betekenis kan dus veral deur klank oorgedra word.

VRAAG 2: KONTEKTUELE VRAAG

Nog in my laaste woorde - N.P. van Wyk Louw

2.1 Die woorde ***nog*** en ***laaste*** is prominent in die titel asook versreël 1 en 2. Benoem die retoriese middel en verduidelik die funksie daarvan. (2)

- **Herhaling**√
- **Beklemtoon die betekenis van die woorde dat sy voortdurend sy laaste gedagte sal wees.** √

2.2 Wat is die funksie van die enjambement aan die einde van reël 2? (1)

- **Dit bind die frase "bind en weet"/**
- **Dink staan in die rymposisie/rym met sink.** √

2.3 Benoem die beelspraak wat in reël 9 voorkom en gee 'n verklaring van dié beeldspraak in jou eie woorde. (2)

- **metafoor**√
- **dit beskryf dat die geliefde soos 'n vlam was wat iets by hom aangesteek het / hom getrek het.** √

2.4 Gee die funksie van die alliterasie in reël 11 en 12. (1)

- **beklemtoon die geliefde se perfeksionisme/sy stel hoë eise**
- **verstadig die tempo**
- **beklemtoon die alliterererende woorde**√
  Noem enige een

2.5 Watter bydrae lewer die inversie(omgekeerde woordorde)in reël 14 tot die inhoud van dié reël? (1)

- **mooi word beklemtoon deur die voorplasing**√

2.6 Benoem die DIGVORM van die gedig. Bewys jou antwoord deur na TWEE kenmerke van hierdie DIGVORM te verwys. (3)

- **(Engelse) sonnet**√

- **Rymende eindkoeplet/**
- **14 versreëls**
- **Jambiese ritme**
- **Rymskema: abab cdcd efef gg/**
- **Slotsin is die hoogtepunt**√√
  (Noem enige TWEE kenmerke)

[10]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG
Twee kleuters in die Vondelpark - Elisabeth Eybers

3.1 Hoe word die tema van die gedig reeds in die titel gesuggereer? (1)

- **Kontras reeds in die titel tussen mens (twee kleuters) en natuur (Vondelpark)/**
- **Balans reeds in die titel versteur** √

3.2 Herlees reël 1 en 2.
3.2.1 Benoem die strofebou en verduidelik hoe dit met die inhoud van die strofe skakel. (2)

- **koeplet**√
- **verwys na twee kinders**√

3.2.2 Skryf die oksimoron neer. (1)

- **klein oneindigheid**

3.3 Benoem die retoriese middel wat in strofe 2 gebruik word en verduidelik wat die funksie daarvan is. (2)

- **herhaling/**
- **kruisrym – woorde wat rym het betekenisverband**√

- **dui op die kontras tussen werklike beeld en die spieëlbeeld**√

3.4 Herlees reël 13 tot 16.
Bespreek die progressie wat in reël 13 - 14 voorkom en verduidelik hoe dit by die beeld in reël 16 aansluit. (3)

- **Die man is gerig op vooruitgang/**
- **Sy groei word aangedui deur die groterwordende voertuie.** √

- **Lilliput verwys na klein mannetjies**√
- **Hy word dus lid van groep geestelike dwerge**√

3.5 Stem jy saam met die spreker se siening oor die rolle van man en vrou soos wat dit in die gedig geïmpliseer word? Motiveer. (1)

Ja
- **Volgens die samelewing het die man en vrou sekere rolle/ons word grootgemaak met die idee dat mans en vrouens spesifieke rolle moet vertolk. / vrouens kyk diepr as mans**√

OF

Nee
- **Eise van die moderne samelewing het verander en mans en vrouens se rolle het in baie gevalle omgeruil/vernader.** √

(Enige soortgelyke antwoord) **[10]**

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG
Vincent van Gogh - DJ Opperman

4.1 Waarom word Van Gogh as 'n *miskende heilige* beskou? (1)

Sy werk as lekeprdiker het geen erkenning ontvang nie. √

4.2 Verduidelik wat "verknot", versreël 6 beteken, en hoe hierdie betekenis in Van Gogh se lewe as miskende heilige van toepassing is. (1)

- **Om groei te belemmer.** √ **/**
- **Hy het geestelike pyn ervaar omdat hy nie gegroei in sy werk as ledeprediker nie.** √
  Enige een

4.3 Herlees versreël 7.
Verduidelik die gebruik van die voegwoord, *maar*. (1)

- **Dit dui die wending aan /**
- **Dit dui die skeiding tussen stryd en volbring aan./**
- **Dit skei die twee fases van sy lewe.** √
  Enige een

4.4 Benoem die stylfiguur in reël 10. (1)

- **sinestesie**√

4.5 Wat het Van Gogh in staat gestel om bo aardse ellende en pyn uit te styg? (1)

- **Sy skilderkuns**√

4.6 Benoem die retoriese middel in r. 11 en verduidelik die funksie daarvan. (2)

- **Polisindeton/v-alliterasie** √
- **Dit beklemtoon die verskillende kleure waarin hy gewerk het.**

4.7 Herlees versreël 7 en 13.
Verduidelik hoe die kontrasterende emosies dui op Van Gogh se lewe. (3)

- **Kramptrekke dui op Van Gogh se werk as lekeprediker en dat sy pogings misken is. /dui op sy geestelike en fisiese pyn wat hy ervaar het in die tyd toe hy 'n lekeprediker was.** √
- **Hartstog dui op die vreugde waarmee hy geskilder het toe hy sy roeping as skilder ervaar het.** √
- **Die ervaring van pyn en lyding as lekeprediker het as inspirasie gedien vir sy skildery.** √

[10]

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)
VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG Windloos - K.de Wet

5.1. Benoem die tipe strofebou wat gebruik word. (1)

- **kwatryn**√

5.2 Gee die rede vir die gebruik van die dubbelpunt aan die einde van versreël 3. (1)

- **dit beklemtoon die insig wat die visser aan die dag lê in die weerpatrone/**
- **dit beklemtoon die vissers se insig in die weerpatrone.**
- **'n verduideliking volg van WAT hulle weet.**√
  Enige een

5.3 In versreël vyf is die klankeffek (halfrym) opvallend.
Benoem die klankeffek (halfrym) in reël 5 en verduidelik die funksie daarvan.
Skryf 'n ander woord in strofe twee wat met dié funksie skakel, neer. (3)

- **allitersie (h)** √
- **dit lig die handigheid van die vissers uit.** √
- **versorg hulle toerusting om reg te wees as die wind dit toelaat.**√
- **beklemtoon hulle passie vir hulle taak**√
  Enige een
- versorg

5.4 Dink jy die gebruik van "liefderyk", versreël 7, is gepas. Motiveer jou antwoord. (1)

- **Dit is gepas,**
- **Dit dui op die passie en liefde wat die vissers jeens hulle ambag koester.**
- **Bron van oorlewing**

5.5 Wie is die "Weerprofeet", versreël 9, en wat pleit die vissers by hom? (2)

- **Die Here / God**√
- **Pleit dat hulle veilig op die see sal wees/pleit dat die weer gunstig sal wees/pleit dat hulle genoeg vis sal vang om hulle families te voed.** √

5.6 Die gedig handel oor die invloed van sterk wind op die vissers se lewe. Hoe skakel die titel "Windloos" met die inhoud van die gedig? (2)

- **Dit staan in kontras met die inhoud wat juis op woeste winde dui./**
- **Dit impliseer dat windloos vir die vissers 'n beter opsie sou wees./**
- **Dit wat hulle wil doen kan net gebeur as die wind dit toelaat./**
- **Windloos is die versugting/dit waarop hulle hoop.**
- **Die vissermanne is windloos as hulle nie kan visvang nie.** √√
  Enige twee

[10]
TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ROMAN

ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen

VRAAG 12 OPSTELVRAAG

Daar is verskillende betekenismoontlikhede van die onderwêreld in hierdie roman.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

Kodes

K – kuberkrakery; G – geld; M- misdaad; R - teen die reëls
F - fisiese onderwêreld/misdaad; T – tonnels; KL - klubs, dwelms, seks
MI – mitologie; S - selfmoord/depressie;

Inleiding

Die leerling voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv.

Onderwêreld is 'n leitmotief wat deur die roman voorkom. Dit kan verskeie betekenisse hê, waarvan die volgende in die roman figureer:

- **Kuberkrakery kan as die "onderwêreld" van rekenaargebruikers beskou word**. Kuberkrakers/"Hackers" beweeg ongesiens in die onderwêreld en *surface* net as iemand hulle uitvang". (bl. 80)/ Die "onderwêreld" roep Greg om saam te speel en Eckardt is sy begeleier na die onderwêreld.
- **Greg aanvaar, teen die koshuisreëls, die bier uit Eckardt se yskas**. (bl.71). Dit is sy eerste misstap op pad na die onderwêreld. Die misterie en gevaar van die onderwêreld is Eckardt se lokaas om Greg in te katrol na "Cyberspace se onderwêreld" (bl. 78)/"Onderwêreld. Net die klank daarvan laat Greg hoendervleis kry". (bl.78)
- **Die onderwêreld van geld is volgens Eckardt se finale ontboeseming die belangrikste.** Dit blyk dat VRL-lidmaatskap gekoop is en dat hul verkiesing bloot saketransaksies was. (Op bl.58 sê Plank: "En daai badge wat jy op jou bors vassteek is die kwitansie wat jy die hele blerrie jaar gaan dra".)
  Geld bly die oorsaak van alle onderwêrelde. "Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker sal kan aanvang" (bl. 191). Greg voel dat geld ook hul huisgesin se ondergang beeken – geld wat eintlik hul gesin moes maak. "geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur. (bl. 222)
- **Dit verteenwoordig die wêreld waarin misdadigers beweeg**.In *Onderwêreld* is dit ryk en gesiene gemeeskapsleiers soos Greg se pa en die skoolhoof, Dok Pienaar, wat hul skuldig maak aan korrupsie. Die korrupsie behels die verspreidng van 'n dodelike virus wat lyk soos 'n voëlgriepvirus, maar waarvoor die enigste teenmiddel deur Greg se pa-hulle se farmaseutiese maatskappy vervaardig word.

- **Die titel verwys ook na ‘n fisiese onderwêreld - die tonnels onder die skoolgrond**. As deel van die inlywingsritueel van die Trappers (gr. 8’s) word hulle by die een mangat ingegooi en moet hul weg deur die tonnels vind tot by die oop mangat aan die nader kant. (bl.68)
- **Daar is ‘n onderwêreld van klubs, dwelms en seks waaraan die tieners in die roman blootgestel word**. Nicole betrek Greg hierby. (bl. 120 Nicole se “warm” ontvangs laat Eckardt wonder:” Ek het nie geweet jy bring my na Hugh Heffner se Playboy Mansion toe nie” . Die aand gaan hul uit na ‘n nuwe nagklub met die naam: Secrets an Lies.
- **In die mitologie verwys “onderwêreld na die ryk van die dooies, ‘n donker onaardse gebied.** Hades is die god van die onderwêreld en bewaak die ingang met sy driekoppige helhond, Kerberos. Eckardt maak as elfjarige kennis met die doderyk, as hy gekonfronteer word met sy pa se mislukte selfmoordpoging en latere moord. Greg se kennismaking met die dood, is sy broer, John se selfmoord.
- **Onderwêreld is dus ook ‘n hel met ‘n duiwel wat jou siel “koop” in ruil vir sukses, byna soos die Faust legende**. Eckardt is soos Mephistoteles wat greg se siel koop in ruil vir lesse in kuberkraak en gepaardgaande opwinding.

Slot.

Verskillende betekenisse van “onderwêreld” word in die roman geaktiveer,. maar die belangrikste is die onderwêreld van kuberkrakery omdat dit ‘n hooftema van *Onderwêreld* is.

VRAAG 13 KONTEKSTUELE VRAAG

13.1.1 Watter soort verteller tree in die roman op? (1)

- **Eerstepersoonsverteller / ek-verteller**√

13.1.2 Noem twee voordele van hierdie soort verteller. (2)

- **Die leser ervaar die intriges vanuit sy / Greg se oogpunt**√
- **Dit betrek die leser op 'n persoonlike vlak by die verhaalgebeure.** √

13.2. Herlees reël 1.
13.2.1 Wie is die "ek"? (1)

- **Greg Owen**√

13.2.2 Hoe kontrasteer sy handeling in reël 1 met die posisie wat hy by die skool beklee? (2)

- **Hy is die hoofseun by die skool wat beteken dat hy die skoolreëls moet uitvoer**√
- **Maar het nie gehuiwer om 'n bier in die koshuis te drink nie.** √

13.3 Wie is Eckardt (reël 6) en hoekom het die "ek" spesifiek sy vriendskap gekoester? (3)

- **Hy is 'n nuwe seun in matriek**√
- **Hy het hom aan sy broer herinner**√
- **Hy het hom geleer om rekernaars te hack**√

13.4 Die herhalende motief (leitmotiv) in die roman is die "onderwêreld".
Verduidelik die gebruik van die motief in reël 4 en noem wat jy dink Eckardt se keuse was. (3)

- **White hats verwys na mense in die onderwêreld wat hack ,maar net rondkrap in mense se dokumente,** √
- **Black hats verwys na krakers in die onderwêreld wat steel en chaos veroorsaak.** √
- **Eckardt was 'n blackhat want hy het nie gehuiwer om die skoorekords te kraak en in die spogskool 'n plek te kry nie.** √

EN

13.5 Wie is inspekteur Cele (reël 1) en waarom ondervra sy vir Greg en watter stemming word hierdeur geskep? (3)

- **Sy is die speurder/polisievrou wat Eckardt se verdwyning ondersoek.** √
- **Greg is Ecardt se vriend / sy nommer was die enigste een op eckardt se foon.** √
- **Spanning**√

13.6 Skryf 'n karaktereienskap uit TEKS A neer wat met Greg se hacking-bynaam, G-4ce, skakel. (1)

- **opwinding /**
- **Greg hou van sport wat opwindend is en adrenalien behels**√

13.7 Eckardt het 'n hacking-bynaam.

Wat is dié naam? Watter assosiasie kan daarmee gemaak word en hoe het dit Greg se lewe beïnvloed? (4)

- **Ekk-0 (sp NB)** √
- **Gebeure vanuit die verlede beïnvloed sy lewe.**√
- **Hy het Greg geleer om rekenaars te kraak**√
- **Sodat Greg sy pa kan ontmasker**√
- **Greg het in die drome wat hy vir sy matriekjaar gekoester het, bewaarheid nie**
- **Herinner aan John**√

Enige twee

13.8 Greg word geleidelik deur die onderwêreld ingesluk. Verduidelik waarom net Greg se naam op Eckardt se selfoon was (reël 16) en hoe dit daartoe bygedra het dat Greg 'n verdagte is. (2)

- **Enigste vriend /Hy was Ekhart se teiken**
  Sy doel was om Greg te manipuleer en nie ander vriende te maak nie. √
- **Die polisie het dit vreemd gevind dat daar slegs een person se inligting op die foon was.** √

13.9 Wat is Plank (reël 10) se regte naam? (1)

- **Mark Gibbons**

13.10 Wat is die ruimte waarin hierdie roman afspeel en verduidelik waarom die leerders wat hier skoolgaan as "skouperde" beskryf word. (2)

- **Lawson Kollege / privaatskool in die Drakensberg**√
- **Hulle ouers wil met hulle spog / hulle mag nie hulle ouers in die skande steek nie.**

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA
***MIS* – Reza de Wet**

VRAAG 16 – OPSTELVRAAG

Die mismotief is 'n duidelike motief in die drama.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv.
• Reeds in die titel van die drama is dit duidelik dat die leser/kyker met mis in een of ander betekenis gekonfronteer gaan word.

• **Die titel *Mis* kan 'n aanduiding wees dat iemand gemis/vermis gaan word**, soos wat die meisies op dieselfde datum die afgelope twee jaar weggeraak het/vermis is./Bl. 19: *Dit het alles twee jaar gelede begin. … Met Sannie Koen! … Eers het almal gedink sy het sommer weggeloop. … En presies 'n jaar later is dit toe Rienie Pieterse.*
• **Miem en Meisie verkoop die mis as 'n bron van inkomste**, want Gabriël kan nie finansieel vir die gesin sorg nie./Bl. 6: *So dertig perdemis en tien vark. ja, ons doen goed die maand.*
• **Die woord *mis* dui op bemesting wat gebruik word,** want die grond word met die mis bewerk./Bl. 6: *Vroeglente wil almal die grond bewerk.*
• **Miem en Meisie se lewe word deur mis gereël,** want hulle moet beskikbaar wees wanneer die besendings mis opgelaai word./Bl. 48: *Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe-uur gelaai.*
• **Die vroue voer 'n onaangename, mislike bestaan,** want die misreuk veroorsaak dat hul nie besoekers ontvang nie./Bl. 26: *Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan*

Hul bestaan is nie higiënies nie, want die omgewing is vol vlieë en brommers as gevolg van die mis./Bl. 26: *Maar in die somer is dit baie erg. Die stank ... en die vieslike vlieë. Swerms vlieë. En brommers. Groot, blink brommers.*

• **Die mis waarmee Meisie daagliks moet werk**, **is ook vir haar tekenend dat haar jongmeisielewe verbygaan/is ook vir haar 'n teken dat sy die geleenthede wat ander meisie het, mis**, want sy kry nie geleentheid om haarself te versorg nie./mis die geleenthede wat ander jong meisies het./ Bl. 27: *Kos, slopemmer! Sakke! Eers was my hande sag. (Strek haar vingers uit) En nou, eelte op al my vingerpunte!*

• **Die woord *mis* kan ook op menslike ontlasting dui**, want Gabriël se slopemmer moet afkatrol word en buite uitgegooi word./Bl. 5: *Onthou tog die slopemmer! Dis al twee dae!*

• **Die slopemmer speel 'n rol in Meisie se besluit om saam met Konstabel te gaan**, want hulle kan gesels toe sy die slopemmer moet uitneem./Bl. 38: *Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant. … En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.*

• **Die woord *mis* kan ook daarop dui dat die vroue leidrade mis/dit nie sien nie/ miskyk**, want Miem en Gertie sien nie die ware kleure van Konstabel raak nie./Bl. 21: *maar dit val my op dat u u miskien blind staar teen die feite.*

• **Mis sluit by die godsdienstige begrip van die Heilige Mis (gebede en gesange) aan,** want die vroue bieg teenoor die Konstabel en lê hul diepste gevoelens bloot./Bl. 28: *Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet. Vir altyd en vir ewig.*

• **Die woord mis kan op die handeling van Konstabel dui wat met dié van 'n priester ooreenstem**, want Meisie kniel voor Konstabel asof hy 'n priester is wat iemand wil seën wanneer hy Meisie se gesig wil sien./Bl. 37: (*steek sy hand uit en raak aan haar) Goed so. Kniel nou. Hier. Reg voor my.*

• **Die godsdienstige betekenis van die mis (in die Heilige Mis) is teenwoordig in die aannemingsrokke** wat die meisies dra wanneer hulle verdwyn./Bl. 19: *Sy het geen tas gevat nie en sy is weg in haar aannemingsrok ... sonder skoene!*

• **Die woord *mis* kan daarop dui dat Miem haar man mis**, want hy bly al sewe jaar lank op die solder./Bl. 31: *Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie. (Tranerig) Dit is vir my 'n groot beproewing.*

• **Die mis veroorsaak dat Meisie nie vrye tyd het nie**, want die mis moet daagliks bewerk word./Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie.*

• **Die mis veroorsaak dat Meisie vereensaam**, want daar is nie vriende wat vir haar wil kom kuier nie./Bl 26: *Ek ... het roosbome voor my venster geplant. (Stilte) En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig. En wie sou nou tee wou drink? Die vlieë het mis aan hulle pote.*

• **Die woord *mis* kan op verlange dui**, want die vroue verlang elkeen na iemand of iets soos Meisie wat na die sirkus verlang./Bl. 28: *Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*

• **Die daaglikse mis as bemesting in Meisie se lewe, sluit aan by Meisie wat van haar omstandighede wil ontvlug** en uiteindelik saam met die Konstabel weggaan./Bl. 51: *Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk* om *na die Konstabel.*

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv.

• Die titel van die drama is 'n metafoor vir die mis wat in die drama voorkom.

VRAAG 17 - KONTEKSTUELE VRAAG

17.1 Herlees reël 1 en 2
Wat is die datum van "vanaand" en waarom moet almal saamstaan? (2)

- **31 Augustus 1936**√
- **Daar is 'n moodernaar/verkragter wat op hierdie aand meisies ontvoer.** √

17.2 Waarvan is die uil (reël 3)'n motief? Verduidelik die ironie in Meisie se opmerking? (2)

- **Dood/boosheid/iemand gaan doodgaan**√
- **Sy sê dat daar 'n uil in die boom voor haar venster is, maar Gertie het van haar huis af gevlug na Miem toe omdat daar 'n uil by haar huis is.** √

17.3 Ontleed die maniere waarop spanning in hierdie uittreksel geskep word. (2)

- **Die huilwind wat teenwoordig is.**
- **Die gebruik van die ellips/beletselteken in Miem se spreukbeurt.**
- **Miem se retoriese vrae (r.18-19) verhoog die spanning.**
- **Woordgebruik – verkragter, moordenaar**√√
  Noem enige TWEE

17.4 Wat weet ons omtrent die omstandighede van Rienie Pieterse en Sannie Koen se verdwynings en hoe stem dit met Meisie ooreen? (3)

- **Hulle was ontevrede en het frustrasie by die huis ervaar.** √

- **Meisie is ook ontevrede**
- **Meisie kom in optand jeens haar ma**
- **Meisie hunker na bevryding uit haar omstandighede**√√
  Noem enige twee

17.5 Benoem die deel van die dramatiese struktuur waaruit die teks geneem is. (1)

- **Eksposisie/aanloop/uiteensetting**√

17.6 Wat is Gertie se verwantskap met Miem? (1)

- **Vriendin**√

17.7 Herlees reël 7 – 10
Watter karaktereienskap van Miem blyk duidelik uit haar dialoog? Verduidelik hoe dit by die tema van bevryding aansluit. (3)

- **Dominerend**√

- **Meisie word deur Miem gedomineer en sy smag om te ontsnap/bevry te word daarom weier sy om 'n vingerhoed te dra.**√
- **Meisie is vasgevang in haar omstandighede en wil dit verander, daarom**
- **plant sy rose onder haar kamervenster om van die misreuk ontslae te raak.** √
- **Meisie smag uit die bekemming te ontsnap en daarom loer sy die heeltyd na die sikusliggies.** √
- **Sy vertel vir die konstabel van die voeltjies wat uit die hok ontsnap, net so smag sy om van haar omstandighede te ontsnap.** √
  Noem enige TWEE

17.8 "Die besending mis word sewe-uur gelaai." (reël 5)
Waarom is die mis vir Miem-hulle belangrik? Watter betekenis van die titel Mis is in hierdie aanhaling ter sprake? Noem TWEE ander moontlike betekenisse van die titel Mis. (4)

- **Hulle verkoop dit om aan die lewe te bly** √

- **Hulle verstaan die konstabel se motiewe mis / kom nie agter dat die konstabel die boosheid is waarvanaf hulle wil wegvlug nie.**
- **Miem en Meisie voer 'n mislike bestaan.** √
- **Menslike ontlasting – slopemmer** √
- **Dit verwys na die twee meisies**√
- **Dit verwys daarna om iemand te mis/verlang** √
- **Roomse mis toe die vroue elkeen vir die kostabel hulle verlange bieg.** √
- *Noem enige TWEE*

17.9 Gertie loer skaam na die Konstabel. Verduidelik wat hierdie reaksie veroorsaak het. (3)

- **Gertie openbaar haar sensuele kant wanneer konstabel van sy tant Hannie vertel.** √
- **Sy laat toe dat die konstabel haar manipuleer om die senuele dans uit te voer.** √
- **Sy word tant Hannie en voer die bewegings uit.** √
- **Sy is besig om te ontklee wanneer sy voetstappe in die gang hoor en na buite vlug.** √
- **Sy loer skaam na die konstabel omdat sy die oomblik tussen hulle onthou./kry skaam oor wat sy gedoen het.** √

17.10 "Ek draai maar die lampe se pitte af." (reël 17)
Verduidelik kortliks die Bybelse konnotasie van hierdie woorde. (2)

- **Dit verwys na die vyf dwase meisies wat nie voorbereid was op die koms van die Bruidegom nie.** √
- **Net so is Miem en Gertie dwaas want hulle sien nie in die lig dat die Kostabel die boosheid wat hulle vrees nie.** √

17.11 Daar is verskeie verwysings na bekende sprokies in die drama.
Dink jy Meisie se verhaal het 'n sprokieseinde? (1)

Ja,
sy het die moed gehad om saam met haar prins van die onderdrukking van haar ma te ontsnap. √

OF

***Nee*,**

- **alhoewel sy gedink het die Konstabel is haar bevryder, is hy die een wat vir die meisies se verdwyning verantwoordelik was en is haar lewe eintlik in gevaar.**√
(*Geen punt vir Ja of Nee nie.*)

17.12 Sluit die slot van die drama effektief aan by die stemming van die drama?
Motiveer jou antwoord. (1)

Ja,

- die oorheersende stemming is onheil/vrees vir die boosheid wat die vroue in dié nag bedreig en dit wat Miem gevrees het, het gebeur Meisie was die volgende meisie wat weggeraak het./

[25]
TOTAAL AFDELING B: 25
GROOTTOTAAL: 80